# HILLCREST HIGH SCHOOL

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

## PROEFEKSAMEN - VRAESTEL 2

**GRAAD 12**

**TYD: 2 UUR**
**PUNTE: 70**

**HIERDIE VRAESTEL BESTAAN UIT 24 BLADSYE**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. **Moenie die hele vraestel deurlees nie.**

2. **Gebruik die inhoudsopgawe om jou met jou keuses te help.**

3. **Die vraestel bestaan uit VIER afdelings:**

| | | |
|---|---|---|
| **AFDELING A:** | **Roman** | **(35)** |
| **AFDELING B:** | **Drama** | **(35)** |
| **AFDELING C:** | **Kortverhale** | **(35)** |
| **AFDELING D:** | **Gedigte** | **(35)** |

4. **Lees die inhoudsopgawe op bladsy 3 en merk die vraagnommers van TWEE letterkundetekste <u>wat julle in die klas</u> behandel het.**

5. **Lees dan die vrae oor hierdie TWEE tekste wat julle gedoen het en <u>kies die tipe vraag</u> wat jy wil doen, byvoorbeeld die opstelvraag/ kontekstuele vraag.**

6. **Beantwoord TWEE vrae: EEN vraag uit elkeen van die TWEE afdelings wat julle gedoen het. Kies EEN vraag uit AFDELING A of B of C indien jy daardie afdeling behandel het en indien jy AFDELING D behandel het, kies TWEE vrae uit daardie afdeling.**

7. **Begin ELKE afdeling op ‘n NUWE bladsy.**

8. **Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.**

9. **Laat ‘n reël oop na elke antwoord.**

10. **Voorgestelde tydsindeling: ongeveer 60 minute per vraag/afdeling.**

11. **Skryf netjies en leesbaar.**

**AFDELING C - KORTVERHALE**

**STORIEJOERNAAL**

**BEANTWOORD ÒF DIE OPSTELVRAAG ÒF DIE KONTEKSTUELE VRAAG.**

**Volg alle instruksies noukeurig.**

**VRAAG 11 : OPSTELVRAAG – ASTRA CASTRA (Dot Serfontein)**

Bespreek die uiterlike en innerlike konflik wat Ettie beleef in **250-300 woorde** en maak gebruik van die volgende hoofpunte:

- Uiterlike konflik met Hanna Dewalt
- Uiterlike konflik met Eben a.g.v die druk oor atletiekprestasies
- Uiterlike konflik met Eben a.g.v. druk oor Wiskunde.
- Innerlike konflik tussen haar plig en haar behoefte om net kind te wees.
- Die oplossing van die konflik in die verhaal.

**VOLG DIE VOLGENDE INSTRUKSIES BY DIE SKRYF VAN JOU OPSTEL**

Daar MOET bewyse wees van BEPLANNING voor jy jou opstel begin skryf. Maak seker dat jou opstel se FORMAAT korrek is, d.w.s. daar moet ‘n duidelike inleiding, paragrawe en ‘n slotparagraaf in jou opstel wees.

Dui ‘n WOORDTELLING aan die einde van jou opstel aan.

(35)

**OF**

## VRAAG 12 : KONTEKSTUELE VRAAG

**Benedicta - M Bakkes**

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

| |
|---|
| *Dit was op 'n gloeiende, skroeiende Saterdagmiddag om twee-uur toe ek gehoor het van die krokodilaanval. Ek en my dogter het teruggekeer van 'n inkopietog en toe ek voor haar deur stilhou om haar af te laai, was dit vir my vreemd om my man se geel Fiat-motortjie daar aan te tref.* |

12.1 Wie het eerste die slegte nuus aan die verteller gebring? (1)

12.2 Waarom was dit vir die verteller vreemd om haar man se motor voor hulle dogter se huis te sien? (1)

12.3 Watter feit in bogenoemde paragraaf verskaf dadelik spanning by die leser? Gebruik jou EIE WOORDE. (1)

12.4 1 Wat is die verteller se skoonseun se naam? (1)
12.4.2 Watter karaktereienskap van hierdie skoonseun het die geskokte familie deur die eerste ure gehelp? (1)

| |
|---|
| *Ek dwaal deur die tuin en ek glo op daardie oomblik dat my kind, my groot, sterk, pragtige manskind, met rooi hare soos myne, nie van my weggeneem sal word nie. Daar was tog mos al dikwels in sy lewe noue ontkomings. Dikwels het ons aan die rand van die afgrond gestaan. Telkens is ons met genade teruggegryp. Waarom nie nou weer nie? Hieraan sou ek vashou.* |

12.5 Die verteller is bekommerd oor haar kind. Wat het met hom gebeur? (1)

12.6.1 Wat is die verteller se beseerde seun se naam? (1)
12.6.2 Hierdie seun het al baie noue ontkomings in sy lewe gehad. Bespreek in vier volsinne twee van hulle. (Behalwe die krokodilaanval) (4)

12.7 Watter fisiese ooreenkoms noem die verteller wat sy met die beseerde seun deel? (1)

12.8 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer en die korrekte letter neer.

"Dikwels het ons aan die rand van die afgrond gestaan" beteken in hierdie verhaal

A. hulle staan aan die rand van die kloof.
B. hulle het dikwels teen steil rotswande gestaar.
C. hulle ervaar net op die oomblik ellende.
D. hulle het herhaaldelik in groot gevaar of ellende verkeer (1)

12.9 Die beseerde seun het sy linkerbeen en regterarm in die krokodilaanval verloor.

12.9.1 Is bogenoemde stelling WAAR of ONWAAR? (1)

12.9.2 Motiveer jou antwoord van 12.9.1. (1)

12.10 Nadat die verteller gehoor het hoe ernstig die seun se beserings was, het sy die volgende gesê:

"Die donkerte in my kop word 'n algehele duisternis."

Watter emosie het die verteller hier ervaar? (1)

12.11 Die beseerde seun word per helikopter vanaf Hoedspruit na Polokwane vervoer. Watter afleiding kan die familie hieruit maak? (1)

12.12 Volgens die verteller was haar seun baie dankbaar dat hy nie die buffel doodgeskiet het nie. Waarom? (1)

| |
|---|
| *Ons ry deur die indonkerende landskap. Ons praat min. Om ons gedagtes en vrese te deel, is onuithoudbaar, want dan gee ons ons woorde gestalte.* |

12.13 Waarheen is die spreker en Johannes oppad? (1)

12.14 In bogenoemde uittreksel word dit geleidelik donker. Waarvan word die donkerte en duisternis 'n simbool in die verhaal? (1)

| |
|---|
| *By die Ultra City buite Middelburg vra ek dat ons stilhou. Ek klim stram uit die bakkie, kyk gedisoriënteerd rond om die toilet te soek.* |

12.15 Die verteller onderdruk haar gevoelens in die bakkie. Waarom? (1)

12.16 Die verteller se man is nie saam met haar en Johannes nie.

12.16.1 Is dit omdat hy nie veel in sy beseerde seun belanggestel het nie? Sê JA of Nee. (1)

12.16.2 Motiveer jou antwoord. (1)

12.17 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer en die letter neer.

Benedicta, die karakter wat die verteller in die toilet ontmoet, se naam is van die Latynse woord *benedicere* wat beteken

A. om te seën.
B. dat sy van Latynse afkoms is
C. die bevoorregte en geseënde een
D. dat sy 'n gelukkige vrou is. (1)

12.18.1 Wat is Benedicta se eerste reaksie toe sy in die ruskamer inloop? (1)

12.18.2 Watter karaktereienskap van Benedicta kom hier na vore? (1)

12.19 Watter twee dinge bied Benedicta as troos vir die verteller aan? (2)

12.20 Ons kan aflei dat Benedicta 'n gelowige persoon is.

12.20.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)

12.20.2 Motiveer jou antwoord (1)

12.21 Noem een ding wat Benedicta en die verteller in gemeen het. (1)

12.22 Kies die woorde uit KOLOM B wat pas by die woorde in KOLOM A. Skryf net die vraagnommer en die letter as antwoord neer.

| **KOLOM A** | **KOLOM B** |
|---|---|
| 12.22.1 Die beseerde seun se ruimte | A. Altyd hoop in tye van krisis |
| 12.22.2 Tema | B. Hy word na die hospitaal geneem. |
| 12.22.3 Geheelonthouer | C. Die Wildtuin |
| | D. Iemand wat nie alkohol neem nie. |

(3)

2.23 Dink jy dit was gepas van Benedicta om die verteller met alkohol te probeer troos? Sê JA of NEE. Motiveer jou antwoord met 'n gepaste rede. (1)

[35]

## AFDELING D : GEDIGTE

**BEANTWOORD <u>TWEE GEDIGTE</u> IN HIERDIE AFDELING**

**VRAAG 13**

**<u>Kontak - Theo de Jager</u>**

Lees die volgende gedig deur en beantwoord al die vrae wat volg.

**Ek kon jou met ‘n selfoon bel**
**Om te sê dat ek jou baie mis,**
**Maar die kaart was gekrap, die batterye pap.**
**En die boodskap het in die niet verdamp.**

**Ek het vir jou ‘n brief geskryf**
**En my hart se hoeke daarin uitgewas**
**Maar my pen was te krom, my vingers te dom**
**Om die woorde in die koevert te pas.**

**Toe het ek maar ‘n duif gestuur**
**Sonder skrif of klank, en nou wag ek,**
**Hoop ek en bid ek dat hy terug sal kom**
**Met ‘n takkie blare in sy bek.**

13.1 Waarna verwys die titel van die gedig? Gebruik EEN WOORD vir jou antwoord en NIE kontak NIE. (½)

13.2 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer en die letter neer.

Met watter tipe gedig het ons hier te make?

A. Elegie
B. Liefdesgedig
C. Ballade
D. Heldedig (1)

13.3 Hierdie gedig is ‘n moderne gedig wat redelik onlangs geskryf is.

13.3.1 Is bogenoemde stelling WAAR of ONWAAR? (1)

13.3.2 Motiveer jou antwoord. (1)

13.4 Haal TWEE AGTEREENVOLGENDE WOORDE uit strofe 1 aan wat bewys dat die spreker baie na sy geliefde verlang. (1)

13.5 Noem TWEE verskonings wat die spreker gee waarom hy nie sy selfoon gebruik het nie. (2)

13.6 "**en my <u>h</u>art se <u>h</u>oeke daarin uitgewas"**

13.6.1 Waarvan is die onderstreepte klanke 'n voorbeeld? (1)

13.6.2 Wat beteken dit as jy jou hart se hoeke uitwas? (1)

13.7.1 Watter WOORD in strofe 2 wys dat die spreker NIE die brief gepos het NIE? (1)

13.7.2 Wat is die funksie van die herhaling van hierdie woord wat ook op ander plekke in die gedig voorkom? (1)

13.8 **sonder skrif of klank**, **<u>en</u> nou wag ek,**
**hoop ek <u>en</u> bid dat hy terug sal kom. (versreëls 10 en 11)**

13.8.1 Waarop hoop en bid die spreker LETTERLIK en FIGUURLIK? (2)

13.8.2 Met watter stylfiguur het ons te doen wanneer die VOEGWOORD herhaal word? (1)

13.9 Voltooi die volgende sinne deur uit die volgende lys woorde te kies. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Moses** | **kontak** | **kommunikeer** | **moderne** | **Noag** | **outydse** |

Deur sy gemaklike skryfstyl maak die digter 13.9.1…………met die leser. Die persoon in die gedig kommunikeer eers met 13.9.2……..tegnologie, maar later probeer hy 'n baie ou vorm van 13.9.3…..van die Bybel. (3)

13.10 Waarvan is die duif gewoonlik simbolies? (1)

[17 ½ ]

**OF**

## VRAAG 14

Lees die volgende gedig deeglik deur en beantwoord al die vrae wat volg.

**THINGS THAT GO BUMP IN THE NIGHT Rosa Keet**

**jy los my alleen**
**in 'n huis vol geluide**
**en hoe minder ek probeer luister**
**hoe harder klink die klank**
**van 'n onbekende voetstap**
**op die donker trap**
**bang vaak verdwaal ek laat**
**in die gange op soek**
**na slaap**
**wat om elke naghoek verdwyn**
**ek skrik**
**vir die naaldekokerstraatlig**
**deur skaars bewegende blare**
**jou jas aan die kapstok**
**is 'n man sonder bene**
**ek is bang**
**vir die stofsuierslang**
**op die vloer van die spens**
**en tot jy terugkom**
**sleep ek my vlees**
**soos 'n kis agter my aan**

14.1 Hoekom is die spreker kwaad vir die "jy"in versreël 1? (½)

14.2 Die huis waarin die spreker is, is doodstil.

14.2.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)

14.2.2 Haal TWEE OPEENVOLGENDE WOORDE aan om jou antwoord op VRAAG 14.2.1 te motiveer. (1)

14.3 Uit watter EEN WOORD lei ons af dat die spreker wil slaap? (1)

14.4 Hoe weet ons dat die spreker nie die voetstap ken nie? (1)

14.5 Kies die KORREKTE antwoord om die onderstaande sin te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter neer.

Die spreker skrik in die donker vir die

A skaars bewegende blare.
B jas aan die kapstok.
C vloer van die spens.
D die donker trap. (1)

14.6 Kies die KORREKTE antwoord om die onderstaande sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter neer.

Versreël 13: "skaars bewegende blare"beteken dat die blare …….beweeg.

A net-net
B heen en weer
C aanhoudend
D baie (1)

14.7 Waaraan laat die "jy" se jas die spreker dink? (1)

14.8 By watter EEN vertrek in die huis loop die spreker verby? (1)

14.9 Voltooi die volgende sin. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

| | | | |
|---|---|---|---|
| **wegloop** | **terugkeer** | **verdwyn** | **omdraai** |

Sodra die "jy"(14.9.1)………sal die spreker se vrees (14.9.2)……. (2)

14.10 Kies die verduideliking uit KOLOM B om by die aanhaling in KOLOM A te pas. Skryf net die vraagnommer en die letter neer.

| **KOLOM A** | **KOLOM B** |
|---|---|
| 14.10.1 "sleep" | A. verwys na jou liggaam |
| 14.10.2 "vlees" | B. dit simboliseer die dood |
| 14.10.3 "kis" | C. verwys na die lewe |
| | D. doen dit met moeite |

(3)

14.11 Kies die KORREKTE woord tussen die hakies. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

Die woorde “sleep ek my vlees soos ‘n kis agter my aan” is ‘n voorbeeld van ‘n (vergelyking/ metafoor) (1)

14.12 Hoe voel die spreker regdeur die gedig? Gee EEN WOORD. (1)

14.13 Noem TWEE sintuie waarmee die spreker daardie aand alles ervaar. (2)
[17 ½]

**OF**

**VRAAG 15**

Lees die volgende gedig aandagtig deur en beantwoord al die vrae wat volg.

**Spore op die Maan - Koos du Plessis**

**Elke nuwe plan lê hopeloos verfrommel,**
**want iets sê: “Stomme drommel,**
**die ruimte lê vol rommel!”**
**En ek begin verstaan:**
**Daar is geen nuwe oorde om heen te gaan,**
**want, kyk , daar lê reeds spore op die maan.**

**Want die stad blom elke nag,**
**strooi sy saad en skemerdag**
**breek staalspruite deur die aardkors**
**waar jy gaan.**
**Rommelberge groei omheen**
**En daar’s swaelsuur in die reën-**
**en, kyk, daar lê reeds spore op die maan.**

**Waarheen sou ek gaan?**
**Ontvlug is onbegonne,**
**selfs *droom is* onbesonne**
**want die wêreld is oorwonne**
**en ek begin verstaan:**
**Daar is geen nuwe paaie om te baan;**
**want, kyk, daar lê reeds spore op die maan.**

**Elke hektaar is verkoop,**
**elke opstal lê gesloop**
**en die wêreld wag verwese, in die waan**
**dat ‘n wonder sal gebeur**
**om sy rusperleërs te keer-**
**maar, kyk, daar lê reeds spore op die maan.**

**Vlug na berg of woud…**
**Meen jy dat daar geeneen is;**
**Dat jy eindelik alleen is?**
**Ag, verspierders loer op Venus**
**en ek begin verstaan:**
**Daar is geen nuwe oord om heen te gaan,**
**want, kyk, daar lê reeds spore op die maan.**

**Elke woord is retoriek,**
**elke droom is bloot plastiek**
**en atoom’s die idioom van wie verstaan.**
**Iewers moet ‘n rusplek wees**
**vir die afgematte gees-**
**maar, kyk, daar lê reeds spore op die maan;**
**duisend donker spore op die maan.**
**Kyk, daar lê reeds spore op die maan.**

15.1 Kies die korrekte woord om die volgende sin te voltooi. Skryf net die woord as antwoord neer.

Koos du Plessis is bekend as 'n (akteur / liedjieskrywer) (½)

15.2 Waarna verwys "**elke nuwe plan**" in versreël 1? (1)

15.3 Kies die verduideliking wat pas by die aanhaling in KOLOM A. Skryf net die vraagnommer en die letter as antwoord neer.

| **KOLOM A** | **KOLOM B** |
|---|---|
| 15.3.1 "en die ruimte lê vol rommel" | A. Die mense wat die natuur vernietig. |
| 15.3.2 "die stad blom elke nag" | B. Die hele hemelruim is besoedel. |
| 15.3.3 "rusperleërs" | C. Daar lê reeds spore op die maan. |
| | D. Die straatligte skep die idee van blomme. |

(3)

15.4 **"<u>s</u>trooi <u>s</u>y <u>s</u>aad en <u>s</u>kemerdag"**

Met watter tipe beeldspraak het ons in bogenoemde uittreksel te doen? (1)

15.5 Wat is die funksie van die dubbelpunt in versreël 4? (1)

15.6 Verduidelik die funksie van die herhaling wat regdeur die gedig voorkom? (1)

15.7 Die retoriese vraag in versreël 14 suggereer dat die mens nog kan kies waarheen om te gaan.

15.7.1 Is bogenoemde stelling WAAR of ONWAAR? (1)

15.7.2 Motiveer jou antwoord. (1)

15.8 Haal EEN WOORD uit strofe 4 aan wat dieselfde beteken as **afgebreek**. (1)

15.9 Lees weer strofe 4 aandagtig deur.

15.9.1 Waarmee word die mense vergelyk? (1)
15.9.3 Motiveer waarom dit so 'n goeie manier is om die mens te beskryf. (1)

15.10 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer en die letter neer.

**"Ag, verspieders loer op Venus"** beteken dat

A. die mense op aarde leer wat die mense op Venus maak.
B. die mense op Venus leer wat die mense op die aarde maak.
C. daar alreeds mense op Venus bly.
D. daar alreeds gekyk word of mense op Venus kan gaan bly. (1)

15.11 Watter **gevoel** word uit die woord "Ag" in strofe 5 afgelei? (1)

15.12 Haal twee versreëls aan wat aandui dat dit nie sal help om te praat of te droom nie. (1)

15.13 Watter TWEE OPEENVOLGENDE WOORDE uit die gedig dui aan dat die mens baie moeg is? (1)

15.14 Dink jy hierdie gedig eindig op 'n positiewe toon? Sê JA of NEE en gee 'n goeie, sinvolle rede vir jou antwoord. (1)
(17 ½)

**OF**

**VRAAG 16**
**BRIEF - F.R. Abrahams**

**1. Mammie, ek skryf ook vir Ma ‘n kaalvoet gedig**
**2. sommer so, nes Antjie**
**3. maar ek gebruik soms leestekens**
**4. en ek sal nie vir Mamma “jy”sê nie**
**5. want dit hoort vir my**
**6. nes plastiekblomme en wit skoene**
**7. nie by Ma nie.**

**8. Ek het grootgeword, weet Ma-**
**9. ek skrik soms vir myself**
**10. want my skoolbaadjie pas nie meer nie**
**11. my hare is lank**
**12. ek wil ‘n oorring dra**
**13. ek bid byna nooit nie**
**14. en ek glo nie sommer net in God nie**
**15. ek dink, praat, skryf selfs oor die dood**
**16. - ek wonder of Ma van my verse sal hou-**

**17. Ek weet Ma sou wou hê ek moes klein bly-**
**18. en ek het nie**
**19 kon nie**
**20. ‘skuus Mammie**
**21 maar ek is nog Ma se kind**
**22. grootmenskind**
**23. anderster kind**

16.1 Vir wie is die gedig geskryf? (½)

16.2 Haal EEN WOORD aan wat sê dat die digter nie die enigste een is wat so ‘n gedig geskryf het nie. (1)

16.3 Watter WOORD sê vir ons dat hierdie gedig net ‘n gewone, eenvoudige gedig is. (1)

16.4 Watter EMOSIE is duidelik met die spreker se gebruik van die woord “Mammie”? (1)

16.5 Haal ‘n VERSREëL uit die gedig aan wat sê dat hierdie gedig nie dieselfde as “Antjie” se gedig is nie? (1)

16.6 Kies die korrekte antwoord tussen die hakies. Skryf net die vraagnommer en antwoord neer.

Die spreker voel soms (bang / kwaad) oor die feit dat hy grootgeword het. (1)

16.7 TWEE van die volgende antwoorde is korrek. Skryf net die vraagnommer en die TWEE letters van die sinsnedes wat die stelling KORREK voltooi, neer.

Plastiekblomme en wit skoene pas nie by sy ma nie omdat

A. wit skoene te gou vuil word.
B. plastiekblomme vals is en sy ma is nie.
C. wit skoene te aanstellerig is.
D. plastiekblomme hoëklas is en sy ma is nie. (2)

16.8 Die spreker is baie seker oor sy geloof.

16.8.1 Is bogenoemde stelling WAAR of ONWAAR? (1)

16.8.2 Motoveer jou antwoord deur EEN versreël aan te haal. (1)

16.9 Gee TWEE VOORBEELDE uit die gedig wat aandui hoe die spreker verander het. (2)

16.10 Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

| | | | |
|---|---|---|---|
| **kwaad** | **opgewonde** | **bang** | **tevrede** |

Die spreker is nie 16.10.1……….om oor die dood te skryf nie en hoop sy ma is 16.10.2 ……… met die gedigte wat hy skryf. (2)

16.11 Kies 'n omskrywing uit KOLOM B om by 'n strofe in KOLOM A te pas. Skryf net die vraagnommer en die letter neer.

| **KOLOM A** | **KOLOM B** |
|---|---|
| 16.11.1 Strofe 1 | A. Die spreker is volwasse en neem sy eie besluite. |
| 16.11.2 Strofe 2 | B. Die spreker vra om verskoning dat hy nie meer is wat sy ma wou hê nie |
| 16.11.3 Strofe 3 | C. Die spreker toon respek teenoor sy ma. |
| | D. Die spreker se ma hou van sy gedigte. |

(3)

16.12 Wat leer jy uit die gedig oor jou verhouding met jou ma? (1)
[17 ½ ]

**TOTAAL VIR AFDELING D - {35}**

**GROOT TOTAAL VAN HIERDIE VRAESTEL - 70**